

Lewensvaardigheid

GRAAD 3

Kwartaal 4



Naam:



Plante



Plante het gewoonlik takke, blare, stingels en wortels. Hulle dra blomme, vrugte en sade. Die meeste blare is groen.

Plante gee vir ons baie kossoorte. Alle groente, vrugte en neute kom van plante af. Hulle help om ons gesond te hou, omdat hulle vitamienne, minerale, proteïen, koolhidrate, olie en vesel bevat. Selfs sjokolade kom van neute af.

Beantwoord die volgende vrae:

1. Uit watter dele bestaan 'n plant?


2. Wat dra plante? Noem drie.

3. Watter kleur is blare gewoonlik?

4. Watter kossoorte kom van plante af?

5. Watter 6 dinge bevat plante wat ons gesond hou?


6. Wat word van neute gemaak? _____



Dele van 'n plant












Voer die volgende instruksies uit deur jou kleurkryte te gebruik.


1. Kleur die stingel groen in.
2. Kleur die blaar geel in.
3. Kleur die wortels bruin in.
4. Kleur die blom pienk in.




Maak 'n plant

- Knip die dele van 'n plant uit en maak jou eie plant. Plak jou plant op die volgende bladsy. Kleur jou blom mooi kleurvol in.





Suikerriet



Suikerriet is 'n
hoë plant wat
soos bamboes lyk.



Dit groei in 'n
tropiese klimaat.
Suikerriet het
baie sonlig en
reën nodig.



In Suid-Afrika is
die provinsie
KwaZuluNatal
ideaal geskik vir
die verbouing van
suikerriet.



Suikerriet moet
14 tot 24
maande lank
groeï voordat dit
geoes kan word.




Die stingels
bevat die suiker.
Dit is 'n klewerige
bruin stroop.

Suikerriet


Suikerriet bestaan uit die volgende dele:
die lang, goue stingel; die lang, smal blare;
die stingellitte op die stingel; die bos
wortels in die grond.

Gebruik die dele van die suikerriet wat hierbo genoem is om die dele van die suikerriet te benoem.



Die aarde


Wat ons van die aarde kry



Die aarde gee ons alles wat ons nodig het om te lewe.

Hier is 'n paar feite oor die aarde:



- Om die aarde is 'n lagie lug. Dit bevat die suurstof wat ons nodig het om te leef.
- Die dun lagie om die aarde waarop ons leef, word die kors genoem. Hierdie lagie het bogrond waarin ons gewasse kan plant. Hierdie eerste laag grond bevat ook harde gesteentes. Uit hierdie laag kry ons minerale soos goud, diamante en petroleum, asook steenkool.
- Die oseane kom ook in hierdie dun gesteentelaag voor. Uit die oseane kry ons voedsel soos vis. Die see is ook belangrik omdat baie skepe goedere en vervoer.



Kyk na die name van die kossoorte in die blok. Skryf die name in die regte kolom deur te besluit watter kossoorte kom direk van die grond af en watter nie.

pampoen brood meel koring
appels olie suikerriet ertjies tjops
perskes eiers


Direk van grond af	Nie direk van grond af nie




Klei tot baksteen

Nommer die volgende beskrywings in die korrekte volgorde om te wys hoe bakstene gemaak word.

Nommer	Beskrywing
	Wanneer die bakstene uit die steenoond gehaal word, word hulle gesorteer.
	Klei word fynge maal en met water gemeng.
	'n Mas jien word gebruik om die stroke in blokke te sny.
	Die klei word met swaar masjiene uitgegrawe.
	Die bakstene word in hope gepak en is gereed om verkoop te word.
	Die gedroogde stukke klei word in 'n steenoond gebak.
	'n Mas jien sny die kleimengsel in stroke.
	Die kleiblokke word gedroog.



Rampe



'n Ramp is iets wat skielik gebeur en ernstige gevolge vir mense en die natuur het.

Dit kan baie sterftes en baie skade veroorsaak. Baie rampe word deur natuurlike dinge soos wind en reën veroorsaak. 'n Voorbeeld hiervan is 'n vloed na baie swaar reën. Mense kan ook rampe veroorsaak. Byvoorbeeld, as 'n mens 'n kers heelnag laat brand, kan dit 'n brand veroorsaak



Danie is baie bekommerd. Hy kyk by hulle huis se venster uit en dit reën nogsteeds. Hulle bly langs die rivier en dit reën al die hele week. Die rivier se water is besig om al hoër en hoër te styg.

"Pappa gaan ons huis oorstrom as dit nie ophou reën nie?" vra Danie die aand vir sy pa voordat hy gaan slaap.

"Moenie bekommerd wees nie seun. Die water is nog baie vër van die huis af." Sê sy pa.

Die volgende oggend is Danie eerste wakker in die huis. Hy gaan na die kombuis om vir hom pap te maak, maar iets in die sitkamer trek sy aandag.

Die hele sitkamer is vol water!

"Pappa! Mamma! Kom help!" skree Danie benoud.



Beantwoord die volgende vrae:


1. Waar bly Danie en sy familie?

2. Oor watter ramp gaan die storie?

3. Wat veroorsaak 'n oorstroming?

4. Wat het Danie die volgende oggend gesien toe hy vir hom pap wou gaan maak het?

5. Teken 'n prent om te wys wat in die storie gebeur het.



AARDBEWING


'n Aardbewing gebeur wanneer 'n deel van die aardkors skielik skud of bewe. 'n Aardbewing het die dorp getref waarin jy bly. Skryf aan jou maat 'n brief op die poskaart om te vertel van die vreeslike ramp wat julle getref het.



A large rectangular area with horizontal lines for writing, intended for the recipient's address and the message of the postcard.

Teken 'n prent met die volgende rampe in:

1. Oorstroming
2. Sterk winde
3. Weerlig



Brand

'n Brand breek uit wanneer drie dinge aanwesig is:

- 'n Materiaal wat kan brand, soos droë hout
- Hitte soos die vlam van 'n aansteker of 'n vuurhoutjie
- Die gas in die lug wat ons suurstof noem



Het jy geweet?

Al drie dinge moet op dieselfde tyd teenwoordig wees. 'n Brand kan nie sonder suurstof aanhou brand nie.





O₂

Vuurrampe kan baie skade en lewensverliese tot gevolg hê.

Velbrande kan voordelig wees, want dit maak die omgewing skoon. Dit kan ook nadelig wees omdat dit plante vernietig en diere doodmaak.

Dit lei tot gronderosie en lugbesoedeling.

Kleur al die prente in wat maklik kan brand.



Weerlig



Soms wanneer jy aan iets raak wat van metaal gemaak is, soos 'n deurraam, hoor jy 'n skerp klinkgeluid en voel jy 'n ligte skok. Die rede daarvoor is dat elektrisiteit in jou liggaam opbou en na die metaalvoorwerp oorgedra word wanneer jy daaraan raak.

Die flitse wat ons tydens donderstorms sien, werk net so. Elektrisiteit bou in 'n wolk op en word oorgedra na 'n ander wolk of na die aarde.

Die harde klapgeluid wat jy na 'n weerligflits hoor, is soos die klinkgeluid wanneer jy aan 'n metaalvoorwerp raak, maar baie harder. Elke jaar word meer as 30 mense in Suid-Afrika deur weerlig gedood.


Reëls om veilig te bly tydens 'n donderstorm:

- Moenie onder 'n boom of naby 'n metaalheining skuiling soek nie.
- Moenie in 'n gat in die grond wegkruip of op die grond gaan lê nie.
- As jy in 'n rivier, 'n dam of 'n swembad is, klim dadelik uit!





Kies een van die veiligheidsreëls tydens donderstorms. Maak 'n plakkaat om mense te leer hoe om in 'n donderstorm veilig te bly. Jou plakkaat moet:

- Woorde hê.
- Minstens twee verskillende teksture hê.
- Maklik verstaan kan word.



Diere wat vir ons kos gee: bye



Feite oor bye



Bye maak heuning en byewas en help boere om vrugte te produseer.

Omtrent 'n derde van die kos wat ons eet, is te danke aan bestuiving deur bye en ander insekte.

Bye leef in gemeenskappe wat ons korwe noem.

Sommige van die bye gaan elke dag uit om stuifmeel en nektar van blomme te versamel. Dan neem hulle dit terug na die byekorwf.

Daar is vandag baie minder bye as voorheen, as gevolg van siektes en die gebruik van plaagdoders.

Die stuifmeel word vir die jong bye gevoer, en die nektar word in heuning omgesit om die volwasse bye te voed.

Terwyl hulle nektar en stuifmeel versamel, dra hulle die stuifmeel van die een na die ander plant oor. So help hulle plante ontkiem.


Die bye berg die heuning en stuifmeel in 'n heuningkoek. Die heuningkoek word gemaak van was wat die bye self produseer..

Pas op vir bye. As hulle jou steek kan dit baie seer wees!



Ons gebruik byewas om allerhande soorte produkte te maak, soos die volgende:

- ❖ Kerse
- ❖ Vetkryte
- ❖ Meubelpolitoer
- ❖ Seep
- ❖ Lipsalf en kosmetiese produkte
- ❖ Waterdigting vir leer
- ❖ Politoer vir leerprodukte soos skoene



	Waar	Onwaar
Bye steek nie seer nie.		
Bye maak heuning en byewas.		
Daar kom al meer bye op aarde voor.		
Heuning is bitter.		
Bye leef in gemeenskappe wat ons korwe noem.		
Ons gebruik byewas om meubelpolitoer te maak.		
Siektes en die gebruik van plaagdoders maak bye dood.		








Diere by wie ons kos kry: hoenders

Hoenders behoort aan 'n groep diere wat ons pluimvee noem.

Pluimvee is voëls wat gewoon geraak het aan mense. Dit sluit hoenders, kalkoene, duiwe en fisante, asook watervoëls soos eende en ganse in.

Ons kry eiers, vleis en vere van pluimvee.

Kyk na die prente en kleur die kossoorte in wat ons van hoenders kry.



Diere by wie ons kos kry: beeste

Lees die woorde hieronder en skryf dan die woorde wat produkte van 'n bees is in die blokke. Teken dan 'n prent wat by die woord pas.

melk

wol

eiers


kaas

heuning

joghurt

trui

botter




Diere by wie ons kos kry: skape

Skape gee vir ons wol.

Na die winter het skape nie meer hulle dik wol jasse nodig nie en dit word dan geskeer. Wol word gebruik om truië te brei om ons warm te hou in die winter.

Ons kry verskillende soorte skape in Suid-Afrika:

1. Merino
2. Die Blinkhaar-ronderib Afrikaner
3. Die Dorper
4. Die Dormer




Merino



Die Blinkhaar-
ronderib
Afrikaner

Dorper



Dormer

Hoe kry ons wol?

1. Die skape word met die hand of meganies geskeer.
2. Die wol word volgens gehalte en lengte gesorteer.
3. Die wol word in bale vasgedruk en verkoop.




4. Nou word die wol gewas om dit skoon te kry.
5. Wolskeersels word gewas om dit vir die spinproses voor te berei.




6. Gedurende die spinproses word die wol gerek en gevleg.



7. Die wol is gereed om gewef te word.



8. Nou word die wol gekleur.
9. Die wol word gebruik om 'n trui te brei.
10. Die trui word in 'n winkel verkoop.



Hoe kry ons wol?

Die sinne hieronder is geskommel. Knip hulle uit en plak dit in die regte volgorde op die volgende bladsy.

Nou word die wol gewas om dit skoon te kry.

Die wol is gereed om geweef te word.

Die wol word volgens gehalte en lengte gesorteer.

Gedurende die spinproses word die wol gerek en gevleg.

Die trui word in 'n winkel verkoop.


Die wol word in bale vasgedruk en verkoop.

Die wol word gebruik om 'n trui te brei.

Die skape word met die hand of meganies geskeer.


Nou word die wol gekleur.

Wolkeersels word gewas om dit vir die spinproses voor te berei.



Hoe kry ons wol?

Plak die sinne in die regte volgorde.



Diere wat vir ons werk: honde



Polisiehonde help die polisie om misdadigers op te spoor.



Waghonde help om ons teen misdadigers te beskerm.




Skaaphonde maak seker dat al die skape bymekaar bly.



Gidshonde help blindes om oor die weg te kom.

Jaghonde help jagters om voëls of diere wat hulle geskiet het, te kry.



Skryf in elke blok die naam van die honde neer wat die mense help.



polisie



blinde persoon



skaapboer



Keer misdadigers



jagter